

Kontrolelys vir koördineerders van die Ready Steady Read Write Programme (RSRW)

Hierdie kontrolelys sal jou help om te sien waar jy vordering gemaak het en op gebiede te let wat in die toekoms meer aandag sal verg. Ons hoop dat dit 'n goeie manier sal wees om te verseker dat jou program doeltreffend werk. Onthou, dit neem tyd om 'n ten volle funksionerende werf te bou en daar sal alt dinge wees waaraan steeds gewerk moet word.

Lees asseblief die instruksies hieronder oor hoe om die kontrolelys in te vul. [Wees asseblief eerlik sodat jy op hoogte van jou vordering kan bly.]

- Plaas 'n X in een blokkie in elke ry. Kies die blokkie wat na jou mening op jou van toepassing is.
- Skryf dan 'n opmerking oor hoe jy kan verbeter op dinge wat nog nie gedoen is nie en dinge waaraan jy nog moet werk.

Ontwikkelingsgebied	Nee / Nie gedoen nie	Moet aandag kry	Ontwikkel goed	Doel bereik	Hoe dit verbeter kan word
1. Skooloorreding					
Die prinsipaal, departementshoofte, Leerondersteuning en Grondslagfase-onderwysers het 'n inleidende DVD-sessie bygewoon.					
Die prinsipaal ondersteun die Ready Steady Read Write-program en bedank die tutors gereeld.					
Tutors toon respek teenoor onderwysers en onderwysers ondersteun die program.					
2. Algemeen					
Tutors is gaaf, en hulle ondersteun en moedig die kinders aan.					
3. Ondersteuning vir tutors					
Die koördineerder loof die tutors, moedig hulle aan en dra positiewe terugvoering van die onderwysers oor.					
Die koördineerder ruim tyd in sodat tutors hul kinders se vordering kan bespreek en ervarings kan deel.					
Die koördineerder ruim tyd in om die vrywilligers gedurende hul lesse te mentor en by te staan.					
Die koördineerder nooi tutors na opknapperswerkwinkels en bestee 15 min daaraan om nuwe speletjies voor sommige lesse te demonstreer.					

4. Lokaal en hulpbronne					
Die tutors het geskikte werksplekke.					
Die koördineerder hou 'n oë op skryfbehoeftes en vervang dit waar nodig.					
Die koördineerder maak seker dat die gedeelde speletjies gebruik en op 'n veilige plek gebêre word.					
Tutors besorg hul gereedskap terug wanneer hulle die program verlaat.					
5. Evaluering en keuring van kinders					
Die kinders in die program is almal geëvalueer en die uitslae is met hul onderwysers bespreek.					
Die evaluering is agterop die kinders se boeke geplak.					
Die uitslae van die evaluering word aangeteken en in Februarie, Junie en November na Wordworks gestuur.					
Die koördineerder maak seker dat kinders se vordering gemonitor word en dat hulle met die regte maatjie geplaas word.					
Vertroulikheid word gerespekteer en tutors bespreek nie die kinders buite die program nie.					
6. Leskomponente: Praat					
Tutors ruim tyd in om oor die boek te praat en kinders aan te moedig om hul ervarings te deel.					
Tutors gebruik rekwisiete of rolspel waar toepaslik om die taal in die boek lewendiger te maak.					
Tutors toon waardering vir enige bydraes wat kinders in hul huistaal lewer.					
7. Leskomponente: Lees					
Tutors kies 'n boek op die korrekte vlak.					
Tutors gee die kinders genoeg tyd om woorde te probeer klank of gebruik prentjies om te voorspel wat woorde sê.					
As die kinders met 'n woord sukkel, help die tutors hulle om dit te klank, of hulle gee leidrade om te voorspel wat dit sê.					

8. Leskomponente: Skryf en teken					
Tutors doen skryfaktiwiteite wat betekenisvol is en met die storie verband hou (nie lyste woorde nie).					
Tutors help kinders om woorde te klap of op hul vingers af te tel en dan lyne te trek voordat hulle skryf.					
Foute word op 'n sensitiewe, behulp same manier gekorrigeer.					
Tutors word aangemoedig om 'n poging aan te wend om te skryf. Kinders word geloof as hulle nuwe woorde probeer skryf.					
9. Leskomponente: Speletjies					
Verskillende speletjies word gebruik.					
Speletjies is op 'n vlak wat vir die kinders geskik is.					
Speletjies word volgens die instruksies gespeel.					
10. Administrasie					
Tutors is stiptelik en is so ver moontlik elke week aanwesig.					
Tutors hou hul gereedskap goed georganiseer en aan die kant.					
Tutors beplan lesse en kies 'n week voor elke les 'n nuwe boek.					
Die kontaklys met tutorbesondere word gereeld bygewerk.					
Tutors het die tutoorooreenkoms onderteken.					
Tutors voltooi die bywoningsregister aan die einde van elke sessie.					
Tutors hou die kas en materiale aan die kant.					
Die koördineerder lig die tutors van enige veranderings aan die skoolkalendar in.					